# Die historiese betroubaarheid van Genesis 1-11: ’n Gereformeerde perspektief

**Prof. GDS Smit**

## Inhoudsopgawe

1. Inleiding 4
2. Genesis as geskiedenis en Teologie 4
2.1 Literêre aard van Genesis 4
2.2 Gereformeerde verstaan 4
2.3 Die Doel van Genesis 5
2.3.1 God as Skepper en Here 5
2.3.2 Die mens as beeld van God 5
2.4 Die Sondeval en verlossingsgeskiedenis 5
3. Genesis en Wetenskap 5
3.1 Die onderskeid 5
3.2 Kuyper en Bavinck se bydrae 6
4. Moderne wetenskaplike paradigmas en Genesis 6
4.1. Die historiese agtergrond 7
4.2. Opbloei van die wetenskap in die 17de en 18de eeu 7
4.3 Lyell se uniformisme 7
4.4 Darwin se evolusieteorie 8
4.4.1 Die probleem met evolusie se voorveronderstellings 8
4.4.2 Die Wet van entropie 9
4.5 Die Bybelse verklaring 9
5. Evolusie se invloed op die Teologie en Filosofie 10
5.1 Die histories-kritiese metode van Skrifverstaan 10
5.1.1 Ontstaan en uitgangspunte 10
5.1.2 Teologiese gevolge 10
- Die historiese Adam en Eva 11
- Die sondvloed 11
- Die toring van Babel 12
- Die groter gevolg 12

5.2 Gesag van die Skrif 12
6. Geloof en Wetenskap in gesprek 13
7. Evolusie versus Skeppingsleer 13
7.1 Die noodsaak van geïntegreerde lewensfunksies 13
7.2 Onherleibare kompleksiteit 14
7.3 Evolusie se "black box" 14
8. Teïstiese evolusionisme en sy probleme 15
9. Die ouderdom van die aarde 16
9.1 Die ses dae van skepping 16

9.1.1 Letterlike 24-uur dae 16
9.1.2 Ander moontlikhede 16
● Die “dag-tydperk”-verklaring: 16
● Die raamwerk-hipotese: 17
● Die analogiese dag-uitleg: 17
10. Die waarde van die Natuurwetenskappe 18
11. Die beperking van die Natuurwetenskappe 18
12. Geloof en wetenskap 18
13. Samevatting 19
**Bibliografie** **20**

## 1. Inleiding

Die boek Genesis is die fondament waarop die hele Bybel se getuienis rus. Dit is van besondere belang omdat dit die raamwerk vorm vir die verstaan van die res van die Skrif. Hier word die groot temas van skepping, sonde, oordeel en verlossing gevestig, temas wat deur die hele Bybel uitbou tot die koms van Christus, die tweede Adam.

Hierdie hoofstukke beskryf die skepping van hemel en aarde, die unieke posisie van die mens as beeld van God, die sondeval en die gevolge daarvan, die geslagsregisters van die eerste mense, die sondvloed as God se oordeel oor die verdorwenheid van die mens, en die toring van Babel as verklaring vir die verspreiding van volke en tale.

Die vraagstuk van die historiese betroubaarheid van Genesis het egter in die moderne tyd sterk onder verdenking gekom. Sedert die 19de eeu is die historiese aard van Genesis 1-11 toenemend bevraagteken onder invloed van die histories-kritiese metode en die ontwikkeling van nuwe natuurwetenskaplike paradigmas.

Vir die Gereformeerde tradisie is dit egter 'n kardinale uitgangspunt dat hierdie gedeeltes nie teologiese simbole of mites is nie, maar betroubare openbaring van God se dade in die geskiedenis.

## 2. Genesis as geskiedenis en Teologie

### 2.1 Literêre aard van Genesis

Genesis is geskryf as narratief. Die teks gebruik herhaaldelik uitdrukkings soos *"dit was aand en dit was môre"*, *"dit het gebeur"* en *"hierdie is die geslagsregister van",* wat die vertelling binne die menslike tyd en geskiedenis plaas. Die geslagsregisters in Genesis 5 en 10 is van besondere belang, omdat dit mense, geslagte en plekke aan mekaar verbind en die narratief anker in die werklike verloop van die geskiedenis. Dit verskil wesenlik van mitologiese verhale van ander antieke volke, wat dikwels nie tydsverloop of konkrete name en plekke bied nie.

### 2.2 Gereformeerde verstaan

Die Gereformeerde tradisie, met veral persone soos Johannes Calvyn en later Herman Bavinck, het Genesis 1-11 as historiese openbaring verstaan. Vir Calvyn het Moses nie geskryf om filosofiese spekulasies oor die oorsprong van die wêreld te bied nie, maar om aan die kerk die waarheid van God se skepping en voorsienigheid te leer. Bavinck het op sy beurt beklemtoon dat Genesis die begin van die verlossingsgeskiedenis is, waar God se dade in die verlede die fondament lê vir die

toekoms. Hierdie benadering lê klem daarop dat God werklik in die geskiedenis opgetree het, en dat Genesis dus nie losgemaak kan word van die historiese werklikheid nie.

### 2.3 Die Doel van Genesis

#### 2.3.1 God as Skepper en Here

Die doel van Genesis is egter nie bloot om geskiedenis te verhaal nie, maar om teologiese belydenis te wees, naamlik om God te openbaar as die almagtige Skepper en Here van die kosmos. Die skeppingsvertelling (Gen. 1–2) stel God nie as een god tussen ander nie, maar as die enigste Bron van alles wat bestaan. Dit staan in skerp kontras met die skeppingsmites van die destydse antieke volke waarin gode self deel van die kosmos was. Genesis verklaar dat God bo alles verhewe is en dat Hy deur sy Woord geskep het.

#### 2.3.2 Die mens as beeld van God

’n Tweede doel is om die unieke status van die mens te onderstreep. Die mens is nie maar ’n biologiese organisme of toevallige produk van prosesse nie, maar geskape na die beeld van God met ’n roeping om te heers oor die aarde en dit te bewerk en te bewaar. Hierdie openbaring lê die grondslag vir die Christelike verstaan van menswaardigheid, etiek en kultuur.

### 2.4 Die Sondeval en verlossingsgeskiedenis

Genesis 3 bied ’n historiese beskrywing van die sondeval, waardeur die skepping in ellende verval het. Hierdie gebeurtenis verklaar waarom die wêreld vol boosheid, dood en gebrokenheid is. Hierdie is ‘n historiese gebeurtenis, want sonder die historiese realiteit van die sondeval verloor die Bybelse boodskap van verlossing in Christus sy fondament. Daarom is Genesis nie net teologie in die sin van leerstellings oor die skepping nie, maar ook geskiedenis van werklike dade van God in tyd en ruimte.

## 3. Genesis en Wetenskap

### 3.1 Die onderskeid

Die Bybel, en spesifiek Genesis, is nie bedoel om ’n natuurwetenskaplike handboek te wees nie. God het Moses nie die Skrif laat opskryf om die meganismes en hipoteses van astrofisika, geologie of biologie uit te lê nie, maar om die volk van God te leer dat alles in die skepping aan Hom behoort. Die Skrif leer ons die wie en waarom van die skepping, terwyl die wetenskap die hoe van prosesse ondersoek. Hierdie onderskeid is belangrik om beide die gesag van die Skrif en die waarde van die wetenskap reg te verstaan.

### 3.2 Kuyper en Bavinck se bydrae

Abraham Kuyper het die beginsel van “soewereiniteit in eie kring” gebruik om te wys dat elke wetenskap ’n eie terrein het wat onder die gesag van Christus staan, maar dat alle wetenskap uiteindelik onder Christus se heerskappy is. Wetenskap kan die strukture van die skepping ondersoek, maar dit mag nie die openbaring van God in die Skrif korrigeer nie. Herman Bavinck het op sy beurt weer beklemtoon dat die Skrif nie gegee is om natuurwetenskap te leer nie, maar om ons te wys op God en sy verlossingsplan. Tog beteken dit nie dat die Skrif foute maak in sy beskrywing van die werklikheid of geen sê het oor hoe wetenskap verstaan moet word nie, maar dit beteken net dat die bedoeling van die Skrif ’n ander is en nie natuurwetenskaplik met die skeppingsgebeure omgaan nie.

## 4. Moderne wetenskaplike paradigmas en Genesis

Die verhouding tussen geloof en wetenskap het deur die geskiedenis heen telkens nuwe vrae opgelewer. Vir die vroeë kerk en die Reformasie was dit vanselfsprekend dat die Bybel die gesagvolle openbaring van God is, en dat Genesis 1-11 die fondament lê vir die verstaan van die kosmos en die mens se plek daarin. Sedert die 17de eeu het die ontwikkeling van die natuurwetenskappe egter nuwe verklaringsmodelle gebring wat nie ooreenstem met die Bybelse beskrywing nie. Dit het gelei tot ’n spanning tussen die Skrif se aansprake en die aannames van moderne wetenskaplike teorieë.

Hierdie spanning het veral duidelik geword in die 19de eeu met die opkoms van *uniformitarianisme*[1] (ook genoem *uniformisme*, vgl. 4.2.2 hier onder) en die evolusieteorie, asook die histories-kritiese benadering tot die Bybel. Die gevolg was dat Genesis 1-11 al hoe meer as problematies of selfs irrelevant beskou is. Om dié rede is dit noodsaaklik dat teoloë die nuwe paradigmas van die natuurwetenskappe en die histories-kritiese metode se impak op die verstaan van Genesis verstaan, om ‘n apologetiese antwoord daarop te kan bied.

### 4.1. Die historiese agtergrond

Voor die moderne wetenskaplike revolusie is die wêreld hoofsaaklik verstaan deur die lens van die Skrif en die filosofiese erfenis van die vroeë- en Middeleeuse denkers. Die Bybel se getuienis oor die skepping, sondeval en die vroeë geskiedenis van die mensdom is aanvaar as historiese feite. Selfs binne die Rooms-Katolieke tradisie, waar die Aristoteliese filosofie ’n groot invloed gehad het, is Genesis gesien as ’n gesagvolle bron oor die oorsprong van die skepping. Die Reformasie van die 16de eeu het hierdie gesag herbevestig deur die beginsel van *Sola Scriptura*.

Teen die 17de eeu het die moderne wetenskaplike revolusie egter ’n nuwe manier van kyk na die skepping meegebring. Waar die Middeleeue dikwels teologiese- of filosofiese verklarings bo alles gestel het, het die nuwe wetenskaplike metode die klem geplaas op waarneming, eksperimentering en wiskundige beskrywing van die natuur. Dit het die wêreldbeeld van veral die Westerse wêreld ingrypend begin verander.

### 4.2. Opbloei van die wetenskap in die 17de en 18de eeu

Die 17de eeu word dikwels beskryf as die era van die wetenskaplike revolusie. Denkers soos Nicolaus Copernicus en Galileo Galilei het die Ptolemeïese (die aarde is die middelpunt van die skepping) wêreldbeeld bevraagteken en die heliosentriese (die son is die middelpunt) model gevestig. Johannes Kepler het die wette van planetêre beweging geformuleer, terwyl Isaac Newton se *Principia Mathematica* (1687) die beginsels van gravitasie en meganika uiteengesit het. Hierdie ontdekkings het die indruk geskep dat die heelal ’n groot masjien is wat deur vaste wette regeer

[1] Die aanname in natuurwetenskappe dat die aarde nog altyd teen dieselfde tempo gewerk en verweer het. Sommige Bybelwetenskaplikes beweer hierteenoor dat die aarde se prosesse aan die begin van die skepping aansienlik vinniger gewerk en verweer het en dat God op ‘n stadium die natuurlike prosesse laat vertraag het.

word (naturalisme) en wat deur die menslike verstand deurskou kan word (rasionalisme).

Geologie en biologie het in die 18de eeu begin ontwikkel as afsonderlike wetenskappe. Waarnemings van fossiele en aardlae het die vraag laat ontstaan of die aarde dalk ouer is as die Bybel se geslagsregisters laat blyk. Hierdie vroeë waarnemings het nog nie ’n geslote wêreldbeeld geskep nie, maar het die pad voorberei vir radikale nuwe teorieë oor die aarde.

### 4.3 Lyell se uniformisme

In die 19de eeu het Charles Lyell se *Principles of Geology* (1830-1833) die idee gevestig dat geologiese prosesse altyd op dieselfde wyse plaasgevind het, stadig en oor lang tydperke. Hierdie beginsel, bekend as uniformitarianisme, het die begrip van die aarde se ouderdom drasties verander. Waar die Bybelse kronologie en tradisionele verstaan ’n jong aarde veronderstel het, het Lyell miljoene jare voorgestel waarin stadig voortgaande prosesse soos erosie, vulkaniese uitbarstings en sedimentering die landskap gevorm het. Hierdie paradigma het groot invloed gehad, want dit het die grondslag gelê vir ’n wêreldbeeld waarin Genesis 1-11 as onwetenskaplik beskou is.

### 4.4 Darwin se evolusieteorie

Kort na Lyell het Charles Darwin se *On the Origin of Species* (1859) ’n nog radikaler uitdaging aan Genesis gebring. Volgens Darwin het spesies nie onveranderlik bestaan nie, maar het hulle deur natuurlike seleksie oor miljarde jare ontwikkel. Hierdie teorie het die oorsprong en diversiteit van lewe probeer verklaar sonder om na ’n Skepper te verwys. Die mens is binne hierdie raamwerk gesien as een van die diere, eerder as unieke skepping van God.

Die gevolg van Lyell en Darwin se teorieë was ’n nuwe wêreldbeeld waarin Genesis 1-11 toenemend problematies geword het. Die idee van ’n sesdaagse skepping, ’n wêreldwye sondvloed en ’n historiese Adam en Eva is beskou as onversoenbaar met die bevindings van die moderne wetenskappe.

### 4.4.1 Die probleem met evolusie se voorveronderstellings

Sedertdien word evolusie algemeen aangebied as 'n proses van voortdurende vooruitgang: van eenvoudige na meer komplekse organismes, en van primitief na hoogs ontwikkel. Dit veronderstel dat die natuurlike orde inherent geneig is tot verbetering en ontwikkeling oor lang tydperke. Die werklikheid wat ons daagliks waarneem in die skepping wys egter in 'n heeltemal ander rigting: natuurlike agteruitgang en verweer is universeel en onafwendbaar.

Plante sterf, diere word siek, selfs berge erodeer en sterre brand uit. Hierdie werklikheid kom ooreen met die Bybelse getuienis van 'n skepping wat ná die sondeval aan verganklikheid en verwording onderwerp is (Rom. 8:20–22). Die vraag is dus: as alles om ons heen natuurlik afneem en verslyt, hoe kan die teorie van evolusie volhou dat lewe deur blote natuurlike prosesse tot groter kompleksiteit ontwikkel?

### 4.4.2 Die Wet van e*ntropie*

Een van die mees gevestigde beginsels in die natuurwetenskap is die tweede wet van termodinamika, ook bekend as die wet van entropie. Dit lui dat geslote stelsels spontaan beweeg van orde na wanorde, van kompleksiteit na eenvoud, en van energie belaai na uiteindelike aftakeling. Prakties beteken dit dat 'n huis wat leegstaan, nie homself herstel nie, maar verval; 'n lewende organisme word nie deur tyd sterker en gesonder nie maar verswak en sterf uiteindelik. Alle natuurlike prosesse getuig van aftakeling, nie van selfverbetering nie.

In die skepping self sien ons duidelik hierdie verweer en agteruitgang:

- Biologies: Mutasies lei in die oorgrote meerderheid van gevalle tot siektes of defekte, nie tot nuwe funksionele organe of voordele nie.
- Ekologies: Ekosisteme is kwesbaar, en enige ontwrigting (soos die uitsterf van 'n spesie) lei tot verlies van balans, nie nuwe vooruitgang nie.
- Geologies: Berge word afgeslyt, riviere erodeer, en die planeet se energiebronne raak uitgeput.

Die natuur wys dus 'n patroon van verlies, agteruitgang en dood, eerder as 'n patroon van spontane vooruitgang en vernuwing.

Evolusie vereis egter die teenoorgestelde: dat lewensvorme oor miljoene jare toenemend kompleks geword het sonder 'n intelligente Ontwerper. Dit bots met die werklikheid van entropie wat ons oral waarneem. Vir evolusie om waar te wees,

moet daar ’n ingeboude krag in die natuur wees wat voortdurend kompleksiteit verhoog. Daar is egter geen waarneming dat organismes spontaan nuwe, ingewikkelde funksies ontwikkel nie. Mutasies en natuurlike seleksie verklaar slegs aanpassing binne ‘n spesie, en het geen bewyse van die ontstaan van nuwe organe of spesies nie. Evolusie berus dus op ’n vooronderstelling van natuurlike vooruitgang wat nie in die skepping bevestig word nie.

### 4.5 Die Bybelse verklaring

Die Bybel verklaar waarom hierdie patroon universeel is. Toe Adam gesondig het, is die hele skepping onderwerp aan vloek en verganklikheid: *“Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe”* (Rom. 8:22).

Sedert die sondeval is daar ’n universele neiging tot dood en agteruitgang. Die natuur self getuig dus dat die wêreld nie op ’n baan van selfverbetering is nie, maar op ’n weg van verval wat uiteindelik eers in Christus se herskepping oorkom kan word.

Die blote werklikheid van natuurlike agteruitgang en verweer in die skepping staan lynreg teenoor die idee van evolusie as toenemende kompleksiteit. Waar die Bybel getuig van ’n skepping wat goed en volledig geskape is, maar ná die sondeval aan verganklikheid onderwerp is, poog evolusie om vooruitgang uit swakheid, en orde uit chaos te verklaar. Die getuienis van die natuur, sowel as die getuienis van die Skrif, ondersteun die Bybelse skeppingsleer eerder as die evolusionêre paradigma. Die natuur self preek dat lewe nie deur toeval opgebou word nie, maar deur God geskape is: volledig, goed en met ’n doel.

## 5. Evolusie se invloed op die Teologie en Filosofie

### 5.1 Die histories-kritiese metode van Skrifverstaan

#### 5.1.1 Ontstaan en uitgangspunte

Parallel aan die ontwikkeling van die natuurwetenskappe het ’n nuwe benadering tot die Bybel in die 18de en 19de eeu ontstaan, naamlik die histories-kritiese metode. Hierdie benadering het die Bybel gesien as ’n dokument wat deur mense saamgestel is in spesifieke historiese en kulturele kontekste. Dit het die inspirasie van die Heilige Gees bevraagteken en die Bybel se eenheid en gesag ondergrawe. Die Bybel word deur hierdie benadering beskou as ‘n boek van mense oor God en nie van God vir die mense nie.

Die histories-kritiese metode het ’n sterk invloed gehad deur die Duitse teologie van die 19de eeu, veral in die werke van Julius Wellhausen en die sogenaamde dokumentêre hipotese. Volgens hierdie hipotese is die Pentateug saamgestel uit verskeie bronne (J, E, D, P) wat eers in die laat-Israelitiese geskiedenis na die ballingskap, saamgevoeg is. Genesis is gevolglik beskou as ’n produk van mitologiese tradisies wat teologiese antwoorde op die skeppingsidees van die nasies rondom Israel, veral die *Enuma Elish* skeppingstradisie van die Babiloniërs, eerder as ’n geïnspireerde verslag van God se dade, probeer bied. Die verhaal van Adam en Eva is verstaan as ’n simboliese beskrywing van menslike morele bewussyn, eerder as ’n historiese sondeval. Die sondvloed is verklaar as ’n plaaslike natuurramp wat later mitologies vergroot is. Die toring van Babel is beskou as ’n volksverhaal om die diversiteit van tale te verduidelik.

### 5.1.2 Teologiese gevolge

Die vraag oor die betroubaarheid van Genesis 1-11 staan sentraal in die moderne teologiese gesprekke. Vir baie hedendaagse denkers het hierdie hoofstukke die karakter van mites, poëtiese verhale of teologiese simbole wat nie histories ernstig opgeneem moet word nie.

In die Gereformeerde tradisie word daar egter aan die gesag van die Skrif vasgehou. Hierdie gesag lê nie in die oë van die mens nie, maar in die feit dat die Bybel die selfopenbaring van God is, geïnspireer deur sy Gees en daarom waar en betroubaar in alles wat dit leer.

’n Gereformeerde reaksie op die bevraagtekening van Genesis fokus dus op twee kernpunte: die gesag van die Skrif self, en die teologiese implikasies van die verwerping van Genesis se historiese betroubaarheid.

Die histories-kritiese metode het die historiese kern van Genesis kom ondermyn. As Adam nie ’n historiese figuur was nie, verloor Paulus se argumente oor die sonde, verlossing en die opstanding in Romeine 5 en 1 Korintiërs 15 sy basis. As die sondvloed nie werklik plaasgevind het nie, verloor die Nuwe Testament se verwysings daarna (Matt. 24:37-39; Heb. 11:7) hulle krag. Hierdie benadering het dus verreikende teologiese gevolge, aangesien dit die betroubaarheid van die Bybel as geheel bevraagteken.

- **Die historiese Adam en Eva**

Die Nuwe Testament leer dat daar 'n historiese Adam was wat die vader van die menslike geslag is. Paulus grond die teologie van sonde en verlossing direk op Adam se sondeval: *"Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het..."* (Rom. 5:12). Verder: *"Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle almal in Christus lewend gemaak word"* (1 Kor. 15:22).

As Adam en Eva bloot simboliese figure was, is daar geen historiese sondeval nie. Dan word die idee van erfsonde 'n abstrakte konsep en nie 'n werklikheid nie. Dit ondermyn die hele boodskap van die evangelie, want Christus se verlossingswerk word juis verstaan as die oorwinning van die tweede Adam oor die sonde van die eerste Adam.

- **Die sondvloed**

Jesus self verwys na die sondvloed as 'n historiese gebeurtenis: *"...net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees"* (Matt. 24:37). Die Hebreërskrywer plaas Noag onder die geloofshelde en stel sy gehoorsaamheid teenoor God se oordeel as voorbeeld van geloof (Heb. 11:7). Om die sondvloed as mite te verklaar, is om die Nuwe Testament se gebruik van die gebeurtenis betekenisloos te maak.

- **Die toring van Babel**

Die toring van Babel verklaar die oorsprong van die volke en tale van die wêreld (Gen. 11). Die Nuwe Testament bou op hierdie historiese basis wanneer dit die evangelie aan alle nasies verkondig (Hand. 2; Openb. 7:9). Sonder 'n historiese Babel verloor die sending van die kerk sy historiese wortels in die verspreiding van volke deur God self.

- **Die groter gevolg**

Die ondermyning van Genesis 1-11 raak dus nie net 'n paar "problematiese" hoofstukke nie. Dit tas die fondament van die Bybelse boodskap aan. As Genesis nie betroubaar is nie, waarom sou die res van die Bybel meer betroubaar wees? Om Genesis 1-11 te vergeestelik of te probeer ontmitologiseer, lei uiteindelik tot 'n

afbreek van die gesag van die hele Skrif. Daarom is die verdediging van die historiese betroubaarheid van Genesis nie bloot ’n akademiese kwessie nie.

### 5.2 Gesag van die Skrif

Die Bybel getuig van homself as die Woord van God. Paulus stel dit so: *“Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid...”* (2 Tim. 3:16). Petrus skryf dat *“...geen profesie ooit deur die wil van ’n mens voortgebring (is) nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek”* (2 Pet. 1:21).

Om te beweer dat Genesis slegs geloofswaarhede oordra sonder historiese inhoud, is om die Skrif se eie aanspraak te ondermyn. Die Bybel bied nie ’n dualistiese skeiding tussen teologie en geskiedenis nie, maar veranker die teologie in God se dade in tyd en ruimte. Soos God Israel uit Egipte verlos het in historiese gebeure, so het Hy hemel en aarde geskep, die eerste mense gevorm, en die sondvloed gestuur. Daarom geld: as God deur sy Gees die Bybel geïnspireer het, is dit betroubaar in alles wat dit leer, of dit gaan oor leerstellige waarhede, morele voorskrifte of historiese gebeure. Die verwerping van die historiese aard van Genesis beteken dus in wese dat die selfgetuienis van die Skrif bevraagteken word.

## 6. Geloof en Wetenskap in gesprek

’n Gereformeerde perspektief beteken nie dat wetenskap verwerp word nie. Wetenskaplike navorsing kan die ryke kompleksiteit van God se skepping help verstaan en waardevolle bydraes maak tot die menslike kultuur en vooruitgang. Die probleem ontstaan wanneer wetenskaplike teorieë ’n outonome gesag oor die Skrif opeis. In plaas daarvan moet geloof en wetenskap gesien word as aanvullend: die een ondersoek die skepping, die ander ontvang die openbaring van die Skepper.

Genesis is teologie en nie wetenskap nie. Maar dit beteken nie dat dit onwaar is of sonder historiese inhoud nie. Inteendeel, Genesis openbaar die waarheid van God se skepping, die oorsprong van die mens, en die werklikheid van die sonde.

Hierdie hoofstukke lê die fondament vir die verlossing wat in Christus geopenbaar word. Vanuit ’n Gereformeerde perspektief is die gesag van Genesis onbetwyfelbaar, omdat dit die selfopenbaring van God is.

Die uitdaging van die kerk vandag is om Genesis te lees en te verkondig nie as wetenskaplike handboek nie, maar as die ware en betroubare Woord van God wat die fondament lê vir geloof, lewe en verlossing.

## 7. Evolusie versus Skeppingsleer

Die debat oor evolusie en skepping raak aan die hart van hoe ons die oorsprong, aard en doel van die lewe verstaan. Evolusie stel dat alle lewensvorme oor miljoene jare uit eenvoudige organismes ontwikkel het deur toevallige variasie en natuurlike seleksie. Die Bybel leer dat God alles volledig en goed geskape het *"volgens hulle soorte"* (Gen. 1:11, 21, 24). Vanuit 'n Gereformeerde perspektief is dit belangrik om te wys waarom die evolusionêre model nie kan verduidelik hoe lewe oor spesies heen sou kon ontwikkel nie.

Ons fokus hier op drie hoofargumente: die noodsaak van geïntegreerde lewensfunksies, die beginsel van onherleibare kompleksiteit, en die onderlinge afhanklikheid van ekosisteme. Hierdie drie dui saam aan dat die lewe nie stapsgewys oor miljoene jare kon ontstaan nie, maar van die begin af volledig moes wees.

### 7.1 Die noodsaak van geïntegreerde lewensfunksies

Elke organisme het 'n volle stel lewensfunksies nodig om te oorleef: asemhaling of energieverkryging, voedselinname en metabolisme, voortplanting, sensoriese funksies en interne balans (homeostase). Hierdie funksies is interafhanklik. Dit beteken prakties: sonder 'n volledige asemhalingstelsel sterf die organisme onmiddellik; sonder voortplanting kan 'n spesie nie voortbestaan nie; sonder metabolisme of voedselopname kan geen sel oorleef nie.

Indien hierdie funksies stapsgewys oor miljoene jare sou ontwikkel het, beteken dit dat daar stadiums moes wees waar organismes half of onvolledig was. Só 'n organisme kon egter nie oorleef nie, want oorlewing vereis al die funksies op een slag. Die logiese gevolg is dat selfs die eenvoudigste organismes reeds volledig funksioneel moes wees van die begin af.

### 7.2 Onherleibare kompleksiteit

In sy boek *Darwin's Black Box* (1996) het Michael Behe die begrip "onherleibare kompleksiteit" bekendgestel. Hy beskryf dit as 'n sisteem wat bestaan uit verskeie goed geïntegreerde komponente, waar die verwydering van enige een komponent veroorsaak dat die hele sisteem ophou funksioneer.

Voorbeelde

- Die bakteriële flagellum: 'n Mikroskopiese "motor of energiebron" wat 'n bakterie se beweging aandryf. Hierdie energiebron bestaan uit proteïene wat die bakterie beweeg. As enige deel ontbreek, funksioneer dit nie.
- Die bloedstollingsproses: Dit vereis 'n ingewikkelde wisselwerking van chemiese reaksies. Sonder al die komponente sou die proses óf nutteloos wees óf dodelik vir die organisme.
- Die oog: Met sy lens, retina, senuwee en verwerking van die inligting deur die brein is dit slegs bruikbaar as dit volledig saamwerk.

Hierdie voorbeelde wys dat komplekse biologiese sisteme nie oor miljoene jare deur toevallige mutasies kon ontstaan nie, want 'n "halwe" sisteem het geen oorlewingsvoordeel nie. Dus is daar 'n rasionele grond om te glo dat sulke sisteme deur 'n intelligente Outeur ontwerp is.

### 7.3 Evolusie se "black box"

Behe erken dat natuurlike seleksie en mutasies variasie binne spesies kan verklaar (ook genoem mikro-evolusie). Hy wys egter daarop dat daar geen empiriese bewyse is dat natuurlike seleksie die ontstaan van nuwe, komplekse sisteme (makro-evolusie) kan verduidelik nie.

Darwin kon in sy tyd nie die biochemiese kompleksiteit van die sel ken nie. Dit is ontdekkings wat eers later gemaak is. Vir hom was die sel soos 'n eenvoudige "swart boks". Met die vooruitgang van moderne biochemie het dit egter duidelik geword dat selfs die eenvoudigste sel ongelooflike kompleksiteit bevat.

Michael Behe is een van die leidende figure binne die beweging van "Intelligente Ontwerp". Hierdie beweging argumenteer dat die kompleksiteit en orde in die natuur die bestaan van 'n *Intelligente Ontwerper* impliseer. Ongelukkig vermy hierdie benadering om God eksplisiet te noem, omdat dit dikwels in 'n sekulêre akademiese raamwerk aangebied word. Vanuit 'n Gereformeerde perspektief is dit egter duidelik dat die Ontwerper niemand anders is nie as die God van die Bybel, die Skepper van

hemel en aarde. Behe se bydrae lê daarin dat hy wetenskaplike argumente bied wat die logiese ontoereikendheid van Darwinisme ontbloot en ruimte skep vir die erkenning van die skepping soos Genesis dit beskryf.

Michael Behe se bydrae tot die gesprek oor skepping en evolusie lê veral in sy konsep van onherleibare kompleksiteit, wat aantoon dat biologiese sisteme nie stapsgewys deur toevallige prosesse kon ontstaan nie. Hy ontbloot die ontoereikendheid van Darwinisme en open die deur vir die aanvaarding van ’n Intelligente Ontwerper.

Selfs al word aanvaar dat sekere funksies of eienskappe binne ’n spesie kan aanpas of verander (mikro-evolusie), bly die vraag na die oorsprong van lewe onbeantwoord. Die eerste sel moes reeds beskik oor DNS, proteïene, ’n membraan en metabolisme om te kon oorleef. Sulke kompleksiteit kan nie verduidelik word deur toevallige chemiese reaksies nie.

## 8. Teïstiese evolusionisme en sy probleme

Sommige Christene het probeer om ’n kompromis te vind tussen evolusie en teologie deur teïstiese evolusie te aanvaar. Dit is die idee dat God evolusie as meganisme gebruik het om lewe en die mens voort te bring. Hoewel dit op die oog af ’n versoenende oplossing probeer bied, bly dit binne die Gereformeerde raamwerk problematies.

Die Skrif beklemtoon dat die mens uniek en deur God geskape is. Indien teïstiese evolusionisme aanvaar word, moes die beeld van God in die mens ’n evolusionêre aanpassing wees, of dit is nie waar nie.

Dit verklaar ook nie die herkoms van die siel van die mens of die lewe na die dood nie. As dit konsekwent is, moet teïstiese evolusionisme noodwendig aanvaar dat die mens nie ‘n siel het nie, en dat daar nie lewe na die dood is nie. Dit moet dan logies die koms van Christus, sy opstanding en die werklikheid van die koninkryk van God ontken.

Dit beteken nie dat alle biologiese bevindings oor variasie en aanpassing ontken moet word nie. Evolusie kan sekere aspekte van verandering binne spesies beskryf. Maar dit kan nooit die oorsprong van lewe, die uniekheid van die mens of die historiese waarheid van Genesis 1–3 verklaar nie. Die Gereformeerde posisie erken dus dat wetenskaplike waarnemings waardevol kan wees, maar dat hulle binne die raamwerk van die Skrif gelees moet word.

## 9. Die ouderdom van die aarde

Die vraag oor die ouderdom van die aarde het in die afgelope twee eeue 'n kernpunt van debat geword in die gesprek tussen teologie en natuurwetenskap.

Aan die een kant staan die "jong-aarde" beskouing, wat op grond van 'n letterlike lees van Genesis en die Bybel se geslagsregisters 'n aarde van sowat 6 000-10 000 jaar aanvaar. Aan die ander kant stel die natuurwetenskappe, deur radiometriese datering 'n ouderdom van ongeveer 4,5 miljard jaar vir die aarde en 13,8 miljard jaar vir die heelal voor.

### 9.1 Die ses dae van skepping

#### 9.1.1 Letterlike 24-uur dae

Die mees algemene siening onder veral jong-aarde kreasioniste, is dat die ses skeppingsdae ses opeenvolgende 24-uur dae was. Genesis 1 se gebruik van die uitdrukking "en dit was aand en dit was môre, dag een", is dan vir hulle 'n gewone 24-uur dag. Hierdie verstaan ondersteun die idee van 'n jong aarde wat in 'n relatief kort tyd geskape is.

#### 9.1.2 Ander moontlikhede

Daar is egter binne 'n Skrifgetroue raamwerk ook ander verklarings moontlik:

- **Die "dag-tydperk"-verklaring:**

Hier word elke "dag" as 'n tydperk verstaan, eerder as 'n letterlike 24-uur. Die Hebreeuse woord *jom* kan inderdaad beide beteken. Byvoorbeeld, Genesis 2:4 praat van "die dag" toe die Here hemel en aarde gemaak het. Volgens hierdie benadering word God as Skepper, Adam en Eva as werklike eerste mense en die volgorde van die skepping erken, maar hier duidelik nie 'n 24-uur dag nie, maar tydperke van skeppingsgebeure.

- **Die raamwerk-hipotese:**

Sommige Gereformeerde teoloë (soos Meredith Kline) verstaan Genesis 1 as 'n literêre struktuur waarin die dae as 'n simboliese raamwerk funksioneer om God se

ordelike skeppingswerk te beskryf. Die fokus is nie op chronologie nie, maar op die orde van God se skeppingshandelinge.

- **Die analogiese dag-uitleg:**

Hierdie standpunt stel dat die skeppingsdae God se werksdae is, wat analogies in menslike terme met ons dae beskryf word, maar nie identies aan 24 uur is nie. Dit wys dat God se skeppingsarbeid verstaan moet word in terme van sy grootheid, nie in terme van menslike tydsbeperkinge nie.

Hierdie alternatiewe verklarings wil nie ’n afwyking van Skrifgesag hê nie, maar is ’n poging om reg te laat geskied aan die teks se aard en bedoeling.

### 9.1.3 Die probleem met oorvereenvoudiging

Die grootste gevaar is om die verstaan van Genesis 1-11 te reduseer tot een enkel uitleg. Indien ’n mens beweer dat slegs ’n jong aarde met ses 24-uur dae Skrifgetrou is, word die gesag van die Skrif verwar met een bepaalde uitlegtradisie. Skrifgetrouheid beteken eerder dat ons eerbiedig vra: wat wou die Gees deur Moses aan God se volk leer?

Genesis 1 wil nie ’n natuurwetenskaplike verslag gee van kosmiese prosesse nie, maar God openbaar as Skepper. Die sentrale klem is op God se soewereiniteit, die goedheid van sy skepping, en die unieke roeping van die mens as beelddraer van God. Die lengte van die skeppingsdae is sekondêr tot die teologiese waarheid dat alles wat bestaan, deur God geskep is en aan Hom behoort.

Hoewel daar talle teoloë soos Herman Hoeksema, Charles Hodge en Louis Berkhof is wat die letterlike 24-uur skeppingsdae aanvaar, is daar ook talle teoloë, soos Abraham Kuyper, Herman Bavinck, BB Warfield en Johan Heyns wat meen dat Genesis nie noodwendig 24-uur skeppingsdae nie, maar tydperke bedoel. Selfs Calvyn het gemeen dat, hoewel hy die 24-uur skeppingsdae aanvaar, hy versigtig is om te sê dit is die enigste verklaring. Dit beteken dat daar binne ’n Skrifgetroue raamwerk ruimte is om die ouderdom van die aarde oop te laat as ’n sekondêre vraag.

Uiteindelik is die kern van die skeppingsleer nie die ouderdom van die aarde nie, maar die waarheid dat God geskape het, en alles nie deur ‘n proses van evolusie ontstaan het nie, dat die skepping aan God behoort, en dat Hy in Christus die skepping verlos en tot sy voleinding bring.

## 10. Die waarde van die Natuurwetenskappe

Die wetenskap is 'n vorm van kultuurontwikkeling wat deel vorm van die skeppingsopdrag wat God aan die mens gegee het (Gen. 1:28). Deur die skepping te ondersoek en te ontgin, vervul die mens sy roeping om die aarde te bewerk en te bewaak. Vanuit hierdie perspektief is die wetenskap nie 'n bedreiging vir geloof nie, maar 'n manier waarop die mens die orde en wysheid van God se skepping ontdek.

Die vooruitgang van die verskeie wetenskappe het onmiskenbare voordele gebring: van mediese vooruitgang en tegnologiese ontwikkeling tot dieper insigte in die kompleksiteit van die natuur. Hierdie kennis kan gebruik word tot diens van die naaste en die eer van God. Wanneer dit egter losgemaak word van die erkenning van God as Skepper, lei dit dikwels tot 'n selfgenoegsame wêreldbeeld waarin die mens sy eie maatstaf word.

## 11. Die beperking van die Natuurwetenskappe

Die wetenskap kan prosesse beskryf en verklarings gee oor hoe dinge werk, maar dit kan nie die uiteindelike oorsprong, sin en doel van die skepping verklaar nie. Dit is veral sigbaar in vrae soos: Waar kom alles vandaan? Hoekom is daar iets eerder as niks? Wat is die uiteindelike doel van die menslike bestaan? Op hierdie vrae bied die wetenskap geen antwoord nie, omdat dit buite sy terrein val.

Wanneer die wetenskap probeer om hierdie vrae selfstandig te beantwoord, verval dit in sciëntisme. Dit is die oortuiging dat slegs wetenskaplike kennis geldig is. Hierdie houding verwerp geloof as irrasioneel en maak die wetenskap tot 'n allesomvattende gesag. Vanuit 'n Gereformeerde perspektief is dit 'n vorm van afgodery, wat bloot die God van die Bybel vervang met die god van die rede, omdat dit die menslike rede en metode verhef bo die openbaring van God.

## 12. Geloof en wetenskap

Die Skrif bepaal die finale waarheid, en die wetenskap funksioneer binne daardie raamwerk. Wanneer wetenskaplike bevindings bots met die Skrif, moet die mens sy modelle en aannames herevalueer in die lig van God se openbaring.

Dialoog beteken nie dat die gesag van die Skrif prysgegee word om plek te maak vir wetenskap nie. Dit beteken dat die gelowige die wetenskap ernstig opneem as ondersoek van God se skepping, maar altyd onder die gesag van die Woord. So 'n

dialoog kan verrykend wees: die geloof gee die raamwerk van oorsprong en doel, en die wetenskap help om die rykdom en kompleksiteit van die skepping beter te verstaan.

Geloof en wetenskap is nie vyande nie, maar behoort in die regte verhouding tot mekaar gestel te word. Die Gereformeerde tradisie hou vas dat die wetenskap waardevol is en deel van die skeppingsopdrag, maar dat dit beperk is tot die beskrywing van prosesse. Die Bybel gee die raamwerk van oorsprong, sin en doel: God is die Skepper, Onderhouer en Voleinder van alles, en Christus is die Middelaar waardeur die skepping tot sy bestemming kom.

Wanneer geloof en wetenskap in dialoog tree, vind dit nie plaas in gelyke gesagsverhouding nie, maar in ondergeskikte orde. Die Skrif is die finale maatstaf, en die wetenskap dien as hulpmiddel om die werke van God te ondersoek. Só wil geloof en wetenskap mekaar nie vernietig nie, maar mekaar aanvul tot eer van God.

## 13. Samevatting

Genesis 1-11 is nie ’n versameling mites nie, maar die historiese grondslag van die Bybelse verlossingsverhaal. Dit bied die oorsprong van die skepping, die sondeval, en die menslike geskiedenis as werklike gebeure. Om die historiese aard van hierdie hoofstukke te verwerp, is om die hele Bybel se betroubaarheid in gedrang te bring.

’n Gereformeerde verstaan van Genesis bring die geloofswaarheid na vore dat God werklik geskep het, werklik gestraf het, en werklik die verlossingsgeskiedenis in beweging gesit het. Die Skrif is betroubaar, en dit is die vaste fondament waarop geloof en lewe gebou is, selfs in ’n wêreld waar moderne wetenskap dikwels anders praat.

# Bibliografie

American Scientific Affiliation. 2021. "Science and Faith Dialogues." Beskikbaar by: https://asa3.org.

Bavinck, H. 1895–1901. *Gereformeerde Dogmatiek* (4 dele). Kampen: J.H. Kok.

Behe, M.J. 1996. *Darwin's Black Box: The Biochemical Challenge to Evolution*. New York: Free Press.

Berkhof, L. 1932. *Systematic Theology*. Grand Rapids: Eerdmans.

Calvyn, J. 1554. *Commentary on Genesis*. Genève: Robertus Stephanus.

Copernicus, N. 1543. *De Revolutionibus Orbium Coelestium*. Nürnberg: Johannes Petreius.

Darwin, C. 1859. *On the Origin of Species by Means of Natural Selection*. London: John Murray.

Encyclopaedia Britannica. 2025. "Charles Darwin." Beskikbaar by: https://www.britannica.com/biography/Charles-Darwin.

Encyclopaedia Britannica. 2025. "Charles Lyell." Beskikbaar by: https://www.britannica.com/biography/Charles-Lyell.

Galilei, G. 1632. *Dialogo sopra i due massimi sistemi del mondo*. Firenze: Giovanni Battista Landini.

Harrison, P. 2007. *The Fall of Man and the Foundations of Science*. Cambridge: Cambridge University Press.

Heyns, J.A. 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Hodge, C. 1871–1873. *Systematic Theology*. New York: Scribner, Armstrong, and Co.

Hoeksema, H. 1936. *Reformed Dogmatics*. Grand Rapids: Reformed Free Publishing Association.

Kepler, J. 1609. *Astronomia Nova*. Heidelberg: Gotthard Voigt.

Kline, M.G. 1958. *Because It Had Not Rained*. Westminster Theological Journal 20(2): 146–157.

Kuyper, A. 1898. *Lectures on Calvinism*. Grand Rapids: Eerdmans.

Kuyper, A. 1902–1905. *Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid* (3 dele). Kampen: J.H. Kok.

Lambert, W.G. 2013. *Babylonian Creation Myths*. Winona Lake, IN: Eisenbrauns.

Lambert, W.G. & Millard, A.R. 1969. *Atra-Ḫasīs: The Babylonian Story of the Flood*. Oxford: Clarendon Press.

Lyell, C. 1830–1833. *Principles of Geology*. London: John Murray.

Newton, I. 1687. *Philosophiae Naturalis Principia Mathematica*. London: Royal Society.

Noll, M.A. 1994. *The Scandal of the Evangelical Mind*. Grand Rapids: Eerdmans.

Numbers, R.L. 2006. *The Creationists: From Scientific Creationism to Intelligent Design*. Cambridge, MA: Harvard University Press.

Sarna, N.M. 1966. *Understanding Genesis*. New York: Schocken Books.

Stanford Encyclopedia of Philosophy. 2022. "Philosophy of History." Beskikbaar by: https://plato.stanford.edu/entries/history/

Stanford Encyclopedia of Philosophy. 2022. "Scientific Revolutions." Beskikbaar by: https://plato.stanford.edu/entries/scientific-revolutions.

Warfield, B.B. 1911. *The Inspiration and Authority of the Bible*. Philadelphia: Presbyterian and Reformed Publishing.

Wellhausen, J. 1878. *Prolegomena zur Geschichte Israels*. Berlin: G. Reimer.

Westermann, C. 1974. *Genesis 1–11: A Commentary*. Minneapolis: Augsburg.

World History Encyclopedia. 2023. “Enuma Elish - The Babylonian Epic of Creation.” Beskikbaar by: https://www.worldhistory.org/article/225/enuma-elish---the-babylonian-epic-of-creation---fu/